



182969109F

0 6 6 8 5 6



RGN-HSRC

SENTRUM VIR BIBLIOTEK- EN
INLIGTINGSDIENSTECENTRE FOR LIBRARY AND
INFORMATION SERVICES

VERVALDATUM/DATE DUE

1986 -12- 22

1987 -02- 04

08 MAR 1990

18 JUN 1990

08 OCT 1990
TERUG

0 0 0 0 6 0 0 0 0 0



2844363866



001.3072058 HSRC KOMM N 101



* 0 7 9 8 3 3 *

**Die invloed van televisie op die
godsdiensaktiwiteite van
Afrikaanssprekende
sekondêreskoolleerlinge**

Die invloed van televisie op die godsdiensstige aktiwiteite van Afrikaanssprekende sekondêreskoolleerlinge

J.E. Senekal

RGN	BIBLIOTEEK	HSRC
	LIBRARY	
1985 -05- 23		
STANDKODE 001.3072068 HSRC KOMM N 101	REGISTERNOMMER 0 6 6 8 5 6	
BESTELNOMMER <i>R 10</i>		

J.E. Senekal, B.A., M.Ed., Senior Navorsier

Instituut vir Kommunikasienavorsing
Uitvoerende Direkteur: Dr. P.C.J. Jordaan

ISBN 0 7969 0204 6

Prys: R8,30
(AVB uitgesluit)

© Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, 1984

Gedruk deur die RGN

ERKENNING

Die inligting wat in hierdie navorsingsbevinding vervat is, is verkry van projek KOMM 11 wat onderneem is om te bepaal wat die invloed van televisie op die skoolgaande jeug is. Data is van skole in al vier provinsies verkry.

Dank word aan die volgende personele en instansies oorgedra vir hul aandeel in die beplanning en uitvoering van die projek:

Die Komitee van Onderwyshoofde wat toestemming gegee het dat die projek geloods mag word;

die hoofde van skole en hul personeel wat as toetsafnemers opgetree het;

die skoolsielkundiges van die Sielkundige en Voorligtingsdiens van die verskillende onderwysdepartemente wat verantwoordelik was vir die opleiding van die toetsafnemers;

die leerlinge wat as respondenten opgetree het; en

ledes van die *ad hoc*-komitee wat met die beplanning van die projek behulpsaam was, naamlik:

Dr. J.D. Venter (Voorsitter)	Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing
Prof. T.L. de Koning	Universiteit van Venda
Dr. P.H. du Preez	Departement van Nasionale Opvoeding
Prof. D. Joubert	Universiteit van Stellenbosch
Mnr. P.W. Mans	Natalse Underwysdepartement
Prof. N.J. Mentz	Transvaalse Onderwysdepartement
Mnr. B. Olivier	Onderwysdepartement, Kaap die Goeie Hoop
Mnr. D.J.L. Pretorius	SAUK
Mnr. F. Swanepoel	OVS-Onderwysdepartement
Mnr. G. Yssel	SAUK
Dr. D.P. Conradie	Instituut vir Kommunikasienvavorsing
Dr. P.C.J. Jordaan	Instituut vir Kommunikasienvavorsing
Dr. C.R. Liebenberg	Instituut vir Opvoedkundige Navorsing
Mev. E.M. Madge	Instituut vir Psigologiese en Edumetriese Navorsing
Dr. W.L. Roos	Instituut vir Mannekragnavorsing
Mnr. A.R. van den Berg	Instituut vir Psigologiese en Edumetriese Navorsing

Dank word ook met betrekking tot hierdie navorsingsbevinding betuig aan:

Dr. D.P. van Vuuren, mnr. G.A. Thiele en dr. N.A.S. Crowther wat in raadgevende hoedanigheid hulp verleen het;

Die RGN se Bureau vir Ondersteunende Navorsingsdienste wat die redaksionele werk hanteer het.

INHOUD

BLADSY

SUMMARY/OPSOMMING	xi/xiii
TABELLE	viii
FIGURE	ix
HOOFTUK 1	
AGTERGROND EN PROBLEEMSTELLING	1
1.1 INLEIDING	1
1.2 DIE STAND VAN GODSDIENSTIGE AKTIWITEITE	3
1.2.1 Konstantheid in deelname aan godsdienstige aktiwiteite	3
1.2.2 Mate waarin godsdienstige aktiwiteite beoefen word	3
1.2.3 Geslagsverskille in deelname aan godsdienstige aktiwiteite	4
1.2.4 Die rol van ontwikkelingsfase in deelname aan godsdienstige aktiwiteite	4
1.3 DIE EFFEKT VAN TELEVISIE OP GODSDIENSTIGE AKTIWITEITE	5
1.3.1 Negatiewe effek	5
1.3.2 Positiewe effek	6
1.4 SAMEVATTING EN PROBLEEMSTELLING	7
HOOFTUK 2	
METODOLOGIE	8
2.1 DOEL EN HIPOTESE	8
2.2 METODE VAN ONDERSOEK	8
2.2.1 Agtergrond	8
2.2.2 Meetinstrumente	9
(1) Biografiese Vraelys	9

BLADSY

(2) Tydbenuttingsvraelys	11
(3) Televisievraelys	11
2.2.3 Eksperimentele Ontwerp	13
(1) Tendensstudie	13
(2) Effekstudie	16

HOOFTUK 3

RESULTATE EN GEVOLGTREKKINGE	20
------------------------------	----

3.1 TENDENSSTUDIE	20
-------------------	----

3.1.1 Konstantheid in deelname aan godsdienstige aktiwiteite	20
--	----

3.1.2 Mate waarin godsdienstige aktiwiteite beoefen word	23
--	----

3.1.3 Geslagsverskille in deelname aan godsdienstige aktiwiteite	23
--	----

3.1.4 Die rol van ontwikkelingsfase in deelname aan godsdienstige aktiwiteite	24
---	----

3.2 EFFEKSTUDIE	39
-----------------	----

3.2.1 Tema 1 (kerklike aktiwiteite)	44
-------------------------------------	----

3.2.2 Tema 2 (godsdiestige aktiwiteite in gesinsverband)	44
--	----

3.2.3 Tema 3 (persoonlike godsdienstige aktiwiteite)	45
--	----

3.2.4 Tema 4 (massamediagebruik - godsdienssake)	46
--	----

3.2.5 Samevatting van Effekstudie	47
-----------------------------------	----

HOOFTUK 4

SAMEVATTING	48
-------------	----

4.1 TENDENSSTUDIE	48
-------------------	----

4.1.1 Doel	48
------------	----

4.1.2 Metodologie	48
-------------------	----

BLADSY

4.1.3 <i>Bevindings</i>	48
(1) Konstantheid in deelname aan godsdienstige aktiwiteite	48
(2) Mate waarin godsdienstige aktiwiteite beoefen word	49
(3) Geslagsverskille in deelname aan godsdienstige aktiwiteite	49
(4) Die rol van ontwikkelingsfase in deelname aan godsdienstige aktiwiteite	49
4.2 EFFEKTSTUDIE	50
4.2.1 <i>Doeļ</i>	50
4.2.2 <i>Metodologie</i>	50
4.2.3 <i>Bevindings</i>	50
4.3 SLOT	51

BYLAES

A TOETSPROGRAM WAT VIR OPVOLG- EN KONTROLEGROEPE GEBRUIK IS (1974-1981)	52
B PERSENTASIE AFRIKAANSSPREKENDE LEERLINGE VOLGENS STANDERD WAT AAN GODSDIENSTIGE AKTIWITEITE DEELNEEM	53
C PERSENTASIE AFRIKAANSSPREKENDE LEERLINGE VOLGENS ITEMRESPONSE WAT AAN SEKERE GODSDIENSTIGE AKTIWITEITE DEELNEEM	64
BRONNELYS	66

TABELLE

NOMMER		BLADSY
2.1	SAMESTELLING VAN STEEKPROEF VAN AFRIKAANSSPREKENDE RESPONDENTE IN TENDENSSTUDIE	15
2.2	INDELING VAN TEMAS EN TOEKENNING VAN GEWIGTE AAN ITEMRESPONSE IN EFFEKTSTUDIE	17
3.1	GEMIDDELDE PERSENTASIE AFRIKAANSSPREKENDE RESPONDENTE AKTIEF BETROKKE BY GODSDIENSTIGE AKTIWITEITE VIR DIE JARE GESAMENTLIK BEREKEN	21
3.2	DIE MEERVOUDIGE KORRELASIEKOëFFISIENTE VIR AFRIKAANSSPREKENDE LEERLINGE VAN ELKE TEMA MET DIE ONAFHANKLIKE VERANDERLIKE	40
3.3	MINIMUM EN MAKSIMUM WAARDES WAARTUSSEN DIE VIER TEMAS VIR AFRIKAANSSPREKENDE LEERLINGE Lê	41
3.4	HOOFEFFEKTE VAN KYKTYDGROEPE VOLGENS TEMA	42

FIGURE

BLADSY

3.1	PERSENTASIE AFRIKAANSSPREKENDE LEERLINGE VOLGENS STANDERD WAT MINSTENS EEN KEER PER WEEK KERK BYWOON	28
3.2	PERSENTASIE AFRIKAANSSPREKENDE LEERLINGE VOLGENS STANDERD WAT AAN KERKLIKE JEUGVERENIGINGS DEELNEEM	29
3.3	PERSENTASIE AFRIKAANSSPREKENDE LEERLINGE VOLGENS STANDERD WAT ELKE KEER AS DAAR IS KATEGESEKLAS BYWOON	30
3.4	PERSENTASIE AFRIKAANSSPREKENDE LEERLINGE VOLGENS STANDERD WAT AS GESIN HUISGODSDIENS HOU	31
3.5	PERSENTASIE AFRIKAANSSPREKENDE LEERLINGE VOLGENS STANDERD WAT GEWOONLIK MET ETES BID	32
3.6	PERSENTASIE AFRIKAANSSPREKENDE LEERLINGE VOLGENS STANDERD WAT NA HUISGODSDIENSPROGRAMME OOR DIE RADIO LUISTER	33
3.7	PERSENTASIE AFRIKAANSSPREKENDE LEERLINGE VOLGENS STANDERD WAT DIE AFGLOPE WEEK EEN KEER OF MEER GEBID HET OM HULP	34
3.8	PERSENTASIE AFRIKAANSSPREKENDE LEERLINGE VOLGENS STANDERD WAT DIKWELS BYBELVERHALE LEES	35
3.9	PERSENTASIE AFRIKAANSSPREKEND LEERLINGE VOLGENS STANDERD WAT DIKWELS BYBEL LEES	36
3.10	PERSENTASIE AFRIKAANSSPREKEND LEERLINGE VOLGENS STANDERD WAT "BAIE" NA GODSDIENSTIGE PROGRAMME SOOS KERKDienSTE OOR DIE RADIO LUISTER	37
3.11	PERSENTASIE AFRIKAANSSPREKEND LEERLINGE VOLGENS STANDERD WAT GEREELD NA GODSDIENSTIGE PROGRAMME OP TELEVISIE KYK	38
3.12	GRAFIESE VOORSTELLING VAN HOOFEFFEKTE VAN AFRIKAANSSPREKEND LEERLINGE VIR TEMAS TEENOOR HOEVEELHEID KYK-TYD	43

SUMMARY

From time to time concern about the religious values of school-going children in South Africa is expressed in the press. Because religious activities are regarded as a barometer of more deeply rooted religious values, an investigation was launched into the religious activities of Afrikaans-speaking secondary school pupils in the RSA. In the investigation attention was given to the following: the extent to which certain religious activities were practised regularly; the possible changes which took place in these activities between 1974 and 1981; differences in participation between the two sexes; the role played by the developmental phase in participation in these activities.

A further investigation was also undertaken to determine whether television had had an effect on the religious activities of Afrikaans-speaking secondary school pupils in the RSA. It appeared that television had had a slight negative effect on one of the groups, (the fairly heavy television viewers among the boys) regarding the reading of Bible stories, personal Bible study and prayers. It is however clear that television had had little effect on the participation in these three activities by the group as a whole. It also appeared that participation in other religious activities included in the investigation, such as church attendance, participation in the activities of church youth societies, family prayer meetings and saying grace at meals had not been affected by television.

OPSOMMING

In die pers word van tyd tot tyd kommer uitgespreek oor die godsdienswaardes van die skoolgaande jeug in Suid-Afrika. Omdat godsdiestige aktiwiteite as barometer van dieperliggende godsdienswaardes beskou word, is 'n ondersoek na die godsdienstige aktiwiteite van Afrikaanssprekende sekondêreskoolleerlinge in die RSA onderneem. In die ondersoek is aandag aan die volgende gegee: die mate waarin sekere godsdienstige aktiwiteite gereeld beoefen word; die moontlike veranderinge wat tussen 1974 en 1981 in deelname aan die aktiwiteite plaasgevind het; verskille in deelname wat tussen die twee geslagte bestaan; die rol wat die ontwikkelingsfase in deelname aan die aktiwiteite speel.

'n Verdere ondersoek is ook onderneem om vas te stel of televisie die godsdienstige aktiwiteite van Afrikaanssprekende sekondêreskoolleerlinge in die RSA beïnvloed. Dit het geblyk dat televisie by een van die groepe (die redelik strawwe televisiekokers onder die seuns) 'n geringe negatiewe invloed gehad het wat die lees van Bybelverhale, persoonlike Bybelstudie en gebed betref. Dit is egter duidelik dat televisie weinig invloed uitgeoefen het op die deelname aan hierdie drie aktiwiteite deur die groep as geheel. Dit het ook geblyk dat deelname aan ander godsdienstige aktiwiteite wat in die ondersoek ingesluit was, soos kerkbywoning, deelname aan die bedrywighede van kerklike jeugverenigings, die hou van huis-godsdiens as gesin en bid aan tafel nie deur televisie beïnvloed is nie.

DIE INVLOED VAN TELEVISIE OP DIE GODSDIENSTIGE AKTIWITEITE VAN AFRIKAANSSPREKENDE SEKONDêRESKOOLLEERLINGE

HOOFTUK 1

AGTERGROND EN PROBLEEMSTELLING

1.1 INLEIDING

Godsdiens raak die hele veld van 'n kind se bestaan. "Het kind leeft immers, als het godsdienstig leeft, van uit de geborgenheid in een zinvolle, coherente, ten goede geleide wereld" waarin hy seker is van die beskerming en goedheid van God (Langeveld 1956: 29).

Vir die leerling in die sekondêre skool wat in 'n besondere mate besig is om 'n eie identiteit te verwerf, kan die waarde van godsdiens moeilik oorskot word. "We thus see that religion serves more than simply a task-oriented, problem solving function. It may represent for some people one form of an essential striving of human existence, that tendency in man both to define and to transcend himself. For the adolescent, religious experiences can serve both to satisfy legitimate existential needs as well as to resolve personal intrapsychic and identity conflicts." (Levin, Zegans 1974: 81).

Daar verskyn van tyd tot tyd berigte in die pers waaruit die afleiding gemaak kan word dat godsdiensbeoefening besig is om agteruit te gaan. 'n Onlangse berig onder die opskrif "Waarom is die kerke so leeg" skilder 'n donker prentjie van die kerklike lewe in Suid-Afrika (*Die Transvaler*, 20 Januarie 1984). Volgens Bainbridge en Stark (1982) vertoon sommige van die grootste kerkgenootskappe in Kanada ook 'n opvallende agteruitgang. Dit lyk asof die tegnologiese ontwikkeling 'n golf van skeptisme oorsee tot gevolg gehad het, soos afgelei kan word uit die slotsom waartoe Fortmann kom: "De Westerse kultuur maakt die religieuze beleving onmogelyk" (soos aangehaal deur Bouwer 1980: 216).

In teenstelling hiermee kan televisie se populariteit nie misgekyk word nie. Die aantal televisiekokers per dag vir TV1 het vanaf 1,5 miljoen in 1976 tot 3,7 miljoen in 1983 toegeneem (SAUK 1983).

Dit is seker verstaanbaar dat baie gelowiges, asook kerklike en ander instansies, sal begin wonder of televisie en die ander tegnologiese ontwikkelinge nie 'n aandeel het in die toenemende sekularisasie nie. In die program "Oop Gesprek" oor die Afrikaanse radiodiens (Sondagaand, 5 Februarie 1984) vind dan ook 'n bespreking plaas oor die invloed van televisie op die godsdienstige aktiwiteite van kinders. Die voor- en nadele van televisie-eredienste word in *Die Kerkbode* van 19 Junie 1982 bespreek (Heys, *Die Kerkbode* 1982) en in die 1981-uitgawe van die *Almanak* van die Gereformeerde Kerk word die vraag gestel of televisie in diens van Christus of die Antichris is (d'Assonville 1982). In *Die Kerkbode* (23 Maart, 1983) word ook na die sukses van televisiereekse soos "Dallas" en "Valley of the Dolls" verwys en word die mening uitgespreek dat die media dit vir jongmense vandag moeilik maak om 'n sedelik hoë lewenstandaard te handhaaf.

Gemeenskapeleiers voel veral bekommern oor die invloed wat televisie op kinders se godsdienstwaardes kan hê en dat die kwaliteit van hul volwassewording daardeur geraak sal word. Gerbner (1967) gaan selfs so ver as om te beweer dat televisie in Amerika besig is om sommige van die funksies van godsdienst, soos byvoorbeeld waarde-oordrag en wêreldinterpretasie, oor te neem en dat televisie dus as opvolger van konvensionele godsdienst beskou kan word.

Godsdienstwaardes en godsdienstige aktiwiteite kan nie van mekaar losgemaak word nie. Becker en Connor (1981) stel die verband so: "Behavior, finally, is a manifestation of one's fundamental values" (p. 37) en Hurlock som dit soos volg op: "The value one puts on religion can be judged on practices (common gatherings for worship, such as church)" (soos aangehaal deur Hauser 1981: 312). Omdat godsdienstige aktiwiteite as barometer van dieperliggende godsdienstwaardes beskou word, kan die groot belangstelling wat in

die godsdienstige aktiwiteite van kinders bestaan, begryp word.

1.2 DIE STAND VAN GODSDIENSTIGE AKTIWITEITE

Die belangstelling wat in die godsdienstige aktiwiteite van kinders bestaan, het tot 'n aantal ondersoeke in dié verband aanleiding gegee. Sommige van hierdie ondersoeke word kortliks bespreek.

1.2.1 Konstantheid in deelname aan godsdienstige aktiwiteite

In twee ondersoeke is daar sprake van 'n verandering oor tyd. In 'n ondersoek onder sekondêreskoolleerlinge in Noord-Texas bevind Dickenson (1982) dat meisies tussen 1964 en 1979 geleidelik minder kerk bygewoon het, Bybel gelees en gebid het met etes. Die seuns toon 'n skerper daling in deelname aan hierdie aktiwiteite tussen 1964 en 1974 as die meisies en daarna 'n geleidelike styging tot 1979. In 'n ander ondersoek bevind Robinson (1981) dat volwasse Amerikaners in 1975 effe meer tyd aan godsdienstige aktiwiteite bestee het as in 1965.

1.2.2 Mate waarin godsdienstige aktiwiteite beoefen word

In 1973 onderneem Coetzee 'n ondersoek na die godsdienstige aktiwiteite van ± 1 600 volwasse lidmate van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Transvaal. Dit blyk dat by 37,8 % van die ondersoekgroep die kerk 'n baie belangrike rol in hul lewens speel, dat 48,7 % minstens een diens per Sondag bywoon, dat 70,0 % daagliks bid, dat 40,4 % aan een of meer kerklike verenigings behoort en dat 44,1 % daagliks Bybel lees (Coetzee 1973). Wat die jonger geslag betref, is daar twee ondersoeke wat ter sake inligting verskaf. Gous (1966) bevind in sy landwee ondersoek onder Blanke adolessente in Suid-Afrika dat meer as die helfte van die Suid-Afrikaanse jeug in 'n besondere verhouding tot God staan en dat 'n verdere kwart ook in naam godsdienstig is. In sy ondersoek onder Afrikaanssprekende standerd vyf- en agt leerlinge kom De Beer (1983) tot die gevolg-

trekking dat die Bybel by hulle die gewildste leesstof is en dat kerklike jeugverenigings 'n veel groter inslag het as ander jeugverenigings soos Voortrekkers, volkspele en landsdiens.

Van die standerd agt-leerlinge wat in 'n RGN-ondersoek in 1976 betrek is, het slegs 17,48 % gereeld na godsdienstige programme op televisie gekyk (Du Preez 1980). In ander lande is die situasie blykbaar nie beter nie. So meld Comstock *et al* (1978) byvoorbeeld dat gesinne in die VSA ongeveer 0,2 % kyktyd aan godsdienstige programme afstaan.

1.2.3 *Geslagsverskille in deelname aan godsdienstige aktiwiteite*

Uit die werk van Hurlock (1973), Rohrbaugh en Jessor (1975) en Wagner (1978) kan afgelei word dat die adolessente meisie meer as die seun tot godsdienstige aktiwiteite aangetrokke voel. Ook in die reeds genoemde ondersoek van Gous (1966) is gevind dat bykans 10 % meer adolessente meisies as seuns oor geloofsekerheid beskik. Dit blyk uit die ondersoeke van Francis (1976) en Mark (1982) onder sekondêreskoolleerlinge dat die meisies 'n groter betrokkenheid in godsdienstige aktiwiteite openbaar as die seuns. Dieselfde is die geval in die ondersoek van De Beer (1983) onder Afrikaans-sprekende standerd vyf- en agt-leerlinge waar die meisies 'n effe hoër deelname as die seuns aan kerklike jeugverenigings en die lees van die Bybel en Bybelverhale toon.

1.2.4 *Die rol van ontwikkelingsfase in deelname aan godsdienstige aktiwiteite*

Bestaan daar 'n verband tussen die ontwikkelingsfase waarin kinders verkeer en hul deelname aan godsdienstige aktiwiteite? 'n Kind in die sekondêre skool beweeg geleidelik uit die beskerming van sy ouerhuis weg en betree algaande die wyer sosiale milieu buite die huis. Hy is in 'n besondere sin besig om vir hom 'n eie waardesisteem saam te stel en hy sal gevolglik veral

in die senior standerds van die sekondêre skool eerder aktiwiteite vir deelname selekteer wat hy self as sinvol beleef as wat hy aan aktiwiteite sal deelneem net omdat sy ouers dit van hom verwag. Die vraag ontstaan nou of hierdie ontwikkelingstendense in deelname aan godsdiestige aktiwiteite weerspieël sal word. In die bestaande literatuur is daar enkele aanduidings van veranderings volgens ontwikkelingsfase.

Volgens Hurlock (1973) beleef jeugdiges later tydens die adolesensie oënskynlik hul godsdiens as minder belangrik. Francis (1976) kom tot dieselfde gevolg trekking en meld dat godsdiestige betrokkenheid geleidelik afneem namate kinders ouer word. In 'n onlangse ondersoek in Engeland het Mark (1982) ook gevind dat adolesente minder kerk toe gaan namate hulle ouer word. Uit De Beer (1983) se gegewens blyk dit dat Afrikaanssprekende kinders in Suid-Afrika in standerd agt minder na eredienste oor die radio luister en bybelverhale lees as kinders in standerd vyf, maar dat hulle in standerd agt aktiewer by kerklike verenigings betrokke is as in standerd vyf.

1.3 DIE EFFEK VAN TELEVISIE OP GODSDIENSTIGE AKTIWITEITE

Himmelweit *et al.* (1958) het bevind dat kerk- en sondagskoolbywoning in Engeland prakties nie deur televisie geraak is nie. Tog is daar etlike ander onderzoekers wat die mening huldig dat televisie wel 'n positiewe of negatiewe effek op godsdiestige aktiwiteite het.

1.3.1 Negatiewe effek

Singer, Singer en Zuckerman (1981) bevind in 'n navorsingsondersoek dat 'n groep kinders in Amerika wat die meeste televisie gekyk het, die minste by godsdiestige aktiwiteite betrokke was.

Katz en Gurevitch (1976) kom ook tot die gevolg trekking dat daar 'n afname in deelname aan Joodse godsdienstige feeste en aktiwiteite in Israel was in die jare wat gevolg het op die instelling van televisie. Volgens De Villiers (1980) het televisie blykbaar die lees van Bybelverhale by 'n groep Afrikaanssprekende standerd vyf-leerlinge op die kort termyn negatief beïnvloed. In 'n ander ondersoek bevind De Villiers, Conradie en Van Vuuren (1978) dat televisie waarskynlik by nie-stedelike Afrikaanssprekende dag-skoliere die luister na godsdienstige programme oor die radio op die kort termyn negatief geraak het. Dit lyk ook asof televisie 'n negatiewe invloed op die menings oor godsdienssake van Afrikaans- en Engelssprekende standerd agt-meisies op die kort termyn kon gehad het (Small 1979).

1.3.2 Positiewe effek

Aan die ander kant is daar ondersoeke wat daarop duい dat televisie moontlik 'n positiewe invloed op sommige godsdienstige aangeleent hede kan hê.

Volgens Becker en Connor (1981) het dit in hul ondersoek onder Blanke volwassenes tussen 24 en 50 jaar in Amerika aan die lig gekom dat die strafste televisiekokers dié was wat 'n tradisioneel godsdienstige instelling gehad het. Weigel, Russell en Jessor (1981) vind ook dat daar 'n positiewe verband by die adolesente in hul ondersoek bestaan tussen strawwe televisiekyk en deelname aan godsdienssake. Interessant is ook die ondersoek van Robinson (1981) onder volwassenes in Amerika wat aantoon dat ten spyte van 'n toename in die tyd wat aan televisie afgestaan is, deelname aan godsdienstige aktiwiteite vanaf tien minute in 1965 na twaalf minute in 1975 toegeneem het.

1.4 SAMEVATTING EN PROBLEEMSTELLING

Samevattend kan gesê word dat godsdiens 'n baie belangrike rol in die volwassewording van kinders speel. Daar bestaan egter kommer by vele instansies oorsee en in Suid-Afrika oor die mate waarin godsdiens nog 'n rol in die lewe van die individu en in die samelewing speel. As gevolg van die onbetwistbare populariteit van televisie word die vraag gestel of televisie nie moontlik 'n negatiewe invloed op die godsdienstige aktiwiteite van skoolgaande kinders kan hê nie. Uit die literatuur blyk dit ook dat daar nie eenstemmigheid bestaan oor die effek wat televisie op godsdienstige aktiwiteite het nie.

Enkele vrae wat uit die voorafgaande hoofstuk na vore kom, is die volgende: Wat is die mate waarin sekondêreskoolleerlinge in Suid-Afrika godsdienstige aktiwiteite beoefen? Het daar oor tyd 'n verandering ten opsigte van hierdie aktiwiteite plaasgevind? Kan daar 'n verband gelê word tussen die ontwikkelingsfase van adolessente en hul deelname aan godsdienstige aktiwiteite? Is dit so dat meisies aktiewer betrokke is by godsdienstige aktiwiteite as seuns? Het televisie 'n effek op die godsdienstige aktiwiteite van sekondêreskoolleerlinge?

Daar bestaan in Suid-Afrika uitstekende navorsingsgeleenthede om genoemde vragen te beantwoord omdat die land agter in die tou van Westers-geïndustrialiseerde lande was wat televisie ingestel het. Die maak van voor- en na-televisie-opnames was moontlik en dit bied aan die navorsers die kans om vas te stel of televisie die godsdienstige aktiwiteite van kinders wel beïnvloed of nie.

HOOFSTUK 2

METODOLOGIE

2.1 DOEL EN HIPOTESE

Die doel met hierdie ondersoek is tweeledig:

- 2.1.1 Om algemene tendense in die godsdienstige aktiwiteite van Afrikaanssprekende sekondêreskoolleerlinge tussen 1974 en 1981 ten opsigte van die volgende vas te stel: konstantheid in deelname aan godsdienstige aktiwiteite, die mate waarin godsdienstige aktiwiteite beoefen word en die rol wat geslag en ontwikkelingsfase in deelname aan godsdienstige aktiwiteite speel (tendensstudie).
- 2.1.2 Om vas te stel of die mate waarin Afrikaanssprekende sekondêreskoolleerlinge televisie kyk enigsins 'n effek op hul godsdienstige aktiwiteite het (effekstudie).

As hipotesé vir die effekstudie word gestel:

Die mate waarin Afrikaanssprekende sekondêreskoolleerlinge televisie kyk, het 'n invloed op hul godsdienstige aktiwiteite.

2.2 METODE VAN ONDERSOEK

2.2.1 Agtergrond

Sedert 1974 het die Instituut vir Kommunikasienavorsing van die RGN in samewerking met die vier provinsiale onderwysdepartemente en die SAUK 'n omvattende ondersoek geloods na die invloed van televisie op skoolgaande kinders vanaf standerd

drie tot standerd tien. 'n Wye verskeidenheid aspekte is oor die loop van agt jaar met behulp van vraelyste en gestandaardiseerde toetse ondersoek. 'n Steekproef standerd drie-leerlinge en 'n steekproef standerd ses-leerlinge wat by die eerste opname in 1974 ingesluit was, is jaarliks vir eksperimentele doeleinades opgevolg tot hulle standerd tien bereik het (vergelyk bylae A). Slegs die gegewens van die standerd ses-opvolgleerlinge is in hierdie ondersoek gebruik en wel vir die effekstudie. Naas bogenoemde opvolggroepe (dit wil sê standerd drie- en standerd ses opvolggroepe) is daar ook jaarliks ongeveer 1 500 Afrikaans- en Engels-sprekende kontroleleerlinge in elke standerd getoets. Gegewens van die kontrolegroepe is vir die tendensstudie gebruik waarin algemene tendense in die godsdienstige aktiwiteite van sekondêre-skoolleerlinge ondersoek is.

2.2.2 Meetinstrumente

In die ondersoek is van drie vraelyste gebruik gemaak wat spesiaal vir die projek: *Die invloed van televisie op die skoogaande jeug* deur die Instituut vir Kommunikasienvorsing van die RGN opgestel is.

(1) Biografiese vraelys

Die doel met hierdie vraelys is om soveel moontlik biografiese en ander agtergrondsgegewens van elke leerling te verkry. Dit sluit identifiserende besonderhede en sake van godsdienstige, sosiale en skolastiese aard in. Uit hierdie vraelys is die volgende vragen gebruik:

1. In watter taal ontvang jy onderrig in die skool? Afrikaans/Engels/Afrikaans en Engels (Dubbelmedium)/Ander taal.

2. Ek is 'n seun/meisie.
3. Merk in watter standerd jy is. St. 3/St. 4/St. 5/St. 6/
St. 7/St. 8/St. 9/St. 10.
4. Waar woon jy gedurende skoolkwartale?

Op 'n plaas/Op 'n plot naby 'n stad of dorp/In 'n dorp/In 'n
stad of voorstad.

5. Na watter kerk gaan jy? (Merk net een)
Geen/N.G./Ned. Herv./Geref./Anglikaanse/Metodiste/Presbiteriaanse/
Rooms-Katolieke/Apostoliese Geloofssending/Lutherse/Joodse/Ander
Christelike/Ander Nie-Christelike/Weet nie.
6. Hoe dikwels gaan jy kerk toe? Nooit/'n Paar keer per jaar/
Omtrent een keer per maand/'n Paar keer per maand/Een keer
per week of meer.
7. Hou julle as 'n gesin huisgodsdiens (waar die Bybel gelees en
gebid word)? Ja/Nee
8. Luister julle na die huisgodsdiensprogramme oor die radio?
Ja/Nee
9. Bid julle gewoonlik met etes? Ja/Nee
10. Het jy die afgelope week een of meer keer gebid om hulp?
Ja/Nee
11. Hoe dikwels woon jy 'n Sondagskool of katkisasieklas by
(kategeseklas in die kerk)? Elke keer as daar Sondagskool
of katkisasie is/Meeste van die tyd/Af en toe/Nooit/Reeds
Sondagskool of katkisasie voltooi.

(2) Tydbenuttingsvraelys

Hierdie vraelys is daargestel om gegewens aangaande die tydbenutting van leerlinge na skoolure gedurende skoolkwartale in te samel. Vrae wat vir die doeleindes van hierdie ondersoek gebruik is, is die volgende:

1. Neem jy gewoonlik deel aan die volgende aktiwiteite? Kerklike jeugverenigings. Ja/Nee/Nie van toepassing op my nie.
2. Dui aan in watter mate jy elkeen van die volgende soorte leesstof lees (jou gewone skoolboeke uitgesluit): Bybel-verhale. Lees dit baie/Lees dit af en toe/Lees dit nooit.
3. Dui aan in watter mate jy elkeen van die volgende soorte leesstof lees (jou gewone skoolboeke uitgesluit): Die Bybel/Lees dit baie/Lees dit af en toe/Lees dit nooit.
4. Dui aan hoe dikwels jy na die volgende programme luister: Godsdienstige programme soos eredienste en kerkdienste. Luister baie/Luister af en toe/Luister nooit.

(3) Televisievraelys

Die doel met die vraelys is om inligting oor die televisiekge-woontes van leerlinge in te win. Die volgende vrae uit hierdie vraelys is gebruik.

1. Hoeveel uur *per dag* kyk jy gewoonlik televisie?
(Maandag tot Donderdae gedurende skoolkwartale)

Kategorieë vir 1976, 1977:

Kyk nooit televisie nie.
Minder as 1 uur.
Een uur en meer, maar minder as 2 uur.
Twee uur en meer, maar minder as 3 uur.
Drie uur en meer, maar minder as 4 uur.
Vier uur en meer, maar minder as 5 uur.
Vyf uur of meer.

Kategorieë vanaf 1978:

Kyk nooit televisie nie.
Minder as $\frac{1}{2}$ uur.
'n Halfuur en meer, maar minder as 1 uur.
Een uur en meer, maar minder as 2 uur.
Twee uur en meer, maar minder as 3 uur.
Drie uur en meer, maar minder as 4 uur.
Vier uur of meer.

2. Hoeveel uur per dag kyk jy gewoonlik oor naweke televisie?
(Vrydae tot Sondae gedurende skoolkwartale)

Kategorieë vir 1976 en 1977:

Kyk nooit televisie nie.
Minder as 1 uur.
Een uur en meer, maar minder as 2 uur.
Twee uur en meer, maar minder as 3 uur.
Drie uur en meer, maar minder as 4 uur.
Vier uur en meer, maar minder as 5 uur.
Vyf uur en meer, maar minder as 6 uur.
Ses uur en meer, maar minder as 7 uur.
Sewe uur of meer.

Kategorieë vanaf 1978:

Kyk nooit televisie nie.
Minder as $\frac{1}{2}$ uur.
'n Halfuur en meer, maar minder as 1 uur.
Een uur en meer, maar minder as 2 uur.
Twee uur en meer, maar minder as 3 uur.
Drie uur en meer, maar minder as 4 uur.
Vier uur en meer, maar minder as 5 uur.
Vyf uur of meer.

3. Dui aan hoe dikwels jy na die volgende programme op televisie kyk: Godsdienstige programme. Kyk gereeld/Kyk af en toe/
Kyk nooit.

2.2.3 *Eksperimentele ontwerp*

(1) Tendensstudie

Die gegewens waaroor daar in die tendensstudie gerapporteer word, is in die tydperk vanaf 1974 tot 1981 ingesamel as deel van die omvattende ondersoek wat onder 2.2.1 bespreek is.

In 1973 het die vier provinsiale onderwysdepartemente, op versoek van die Instituut vir Kommunikasienavorsing van die RGN, die nodige getalle ten opsigte van die Blanke skoolbevolking voorsien. Steekproewe is op 'n nasionale grondslag met behulp van hierdie inligting gestratifiseer volgens geslag, taal van onderrig, stedelike en nie-stedelike ligging van skole van leerlinge en provinsie waarin die skole geleë is.

Die steekproef vir die tendensstudie bestaan uit ongeveer 1 500 Afrikaans- en Engelssprekende kontroleleerlinge vir elke standerd wat gedurende die tydperk vanaf 1974 tot 1981 getoets is, maar as gevolg van afwesighede, ander probleme tydens die opnames en onvolledig ingevulde vraelyste kom die getalle in die steekproef nie op 1 500 te staan nie. Omdat daar in 1974 nog nie 'n onderskeid tussen opvolg- en kontrolegroep gemaak is nie, is die standerd ses-leerlinge van die opvolggroep ($N = 5 000$) ook as kontrolegroep in die tendensstudie gebruik.

Aangesien die verhoudings van die gestratifieerde steekproef nie presies ooreenstem met die betrokke sensusverhoudings nie, is die steekproef nie selfwendend nie. Daar is egter vir hierdie feit gekompenseer deur die weging van die steekproefpersentasies en -gemiddeldes. Om dit te bepaal, word die sensusverhouding respondentie in subpopulasie i deur w_i aangedui en die ooreenstemmende gemiddelde deur \bar{x}_i . 'n Geweegde gemiddelde is dan $\bar{x}_w = w_1\bar{x}_1 + w_2\bar{x}_2 + \dots$. Die geweegde persentasie is op 'n soortgelyke wyse bereken.

In tabel 2.1 word die verdeling van die steekproef van die Afrikaanssprekende leerlinge wat in die tendensstudie gebruik is, weergegee. Soos uit tabel 2.1 blyk, wissel die steekproef vir Afrikaanssprekende leerlinge in die meeste gevalle tussen 805 en 990 leerlinge vir die verskillende standerds. Die steekproef en resultate van die Engelssprekende leerlinge sal in 'n aparte bevinding weergegee word.

Alle gegewens in die tendensstudie word in persentasies gerapporteer. Vir elke persentasie is ook die 95 % betroubaarheidsinterval* bereken. Die boonste en onderste grense van hierdie

* 'n Betroubaarheidsinterval van 95 % impliseer dat 95 uit elke 100 sodanige intervalle korrekte stellings is.

TABEL 2.1
SAMESTELLING VAN STEEKPROEF VAN AFRIKAANSSPREKENDE RESPONDENTE IN TENDENSSTUDIE

Jaar	Geslag	Standerd 6		Standerd 7		Standerd 8		Standerd 9 -		Standerd 10	
		N	%	N	%	N	%	N	%	N	%
1974	Seuns	1 467	48,43	457	51,41	450	50,96	450	50,96	417	50,18
	Meisies	1 562	51,57	432	48,59	433	49,04	433	49,04	414	49,82
	Totaal	3 029	100,00	889	100,00	883	100,00	883	100,00	831	100,00
1975	Seuns	474	50,48	448	51,49	423	50,54	445	50,63	462	51,68
	Meisies	465	49,52	422	48,51	414	49,46	434	49,37	432	48,32
	Totaal	939	100,00	870	100,00	837	100,00	879	100,00	894	100,00
1976	Seuns					492	50,36				
	Meisies					485	49,64				
	Totaal					977	100,00				
1977	Seuns	428	48,69	443	49,66	397	49,07	422	50,06	348	46,59
	Meisies	451	51,31	449	50,34	412	50,93	421	49,94	399	53,41
	Totaal	879	100,00	892	100,00	809	100,00	843	100,00	747	100,00
1978	Seuns			462	51,51					410	50,93
	Meisies			435	48,49					395	49,07
	Totaal			897	100,00					805	100,00
1979	Seuns	488	49,29	471	49,79	426	49,53	459	50,55	466	50,32
	Meisies	502	50,71	475	50,21	434	50,47	449	49,45	460	49,68
	Totaal	990	100,00	946	100,00	860	100,00	908	100,00	926	100,00
1980	Seuns							436	51,54		
	Meisies							410	48,46		
	Totaal							846	100,00		
1981	Seuns									439	50,34
	Meisies									433	49,66
	Totaal									872	100,00

intervalle word in tabelvorm in bylae B aangedui.

(2) Effekstudie

Vir die effekstudie is die steekproef saamgestel uit die standerd ses-opvolggroep. 'n Totaal van 1 199 Afrikaanssprekende leerlinge wat in 1974 in standerd ses getoets is (dit wil sê voor die instelling van televisie), is weer in 1978 toe hulle in matriek was (na die instelling van televisie) getoets. Van hierdie leerlinge was 563 seuns en 636 meisies.

Die vrae oor die leerlinge se deelname aan godsdienstige aktiwiteite wat in die meetinstrumente vervat is, is in vier temas ingedeel en gewigte is aan itemresponse op elke vraag toegeken (kyk tabel 2.2). 'n Totaaltelling is daarna vir elke respondent vir elk van die vier temas afsonderlik bereken.

Daar is 'n groot verskeidenheid faktore uit die kind se leefwêreld wat 'n invloed op sy godsdienstige aktiwiteite kan uitoefen. Ten einde die invloed van televisie te bestudeer is dit belangrik om vas te stel wat hierdie faktore is. Deur middel van 'n Chaid-statistiese ontledingstegniek* wat op genoemde temas gedoen is, is taal, geslag en woonplek as dié faktore geïdentifiseer wat die grootste deel van die variasie in die tellings vir godsdienstige aktiwiteite van sekondêreskoolleerlinge verklaar.

Leerlinge se gemiddelde kyktyd per week is bereken deur die totaal van die gemiddelde werksdagtyd \times 4 (Maandae tot Donderdae) en na-weekdagtyd \times 3 (Vrydae tot Sondaе) te bereken. Die kumulatiewe kyktyd is verkry deur die totaal van die gemiddelde kyktyd per week oor die jare 1976, 1977 en 1978 te bereken. Die respondenten is volgens hul hoeveelheid kumulatiewe kyktyd in vyf kategorieë ingedeel en sodoende is vyf televisiekyktydgroepe geskep wat gevarieer het van 'n baie ligte kykergroep tot 'n baie strawwe kykergroep.

*Vir meer besonderhede kyk Du Toit et al. 1982

TABEL 2.2

INDELING VAN TEMAS EN TOEKENNING VAN GEWIGTE AAN ITEMRESPONSE IN EFFEKTUDIE

Tema	Vraag	Itemrespons	Item-telling
1. Kerklike aktiwiteite	1. Hoe dikwels gaan jy kerk toe?	1. Nooit 2. 'n Paar keer per jaar 3. Omtrent een keer per maand 4. 'n Paar keer per maand 5. Een keer per week of meer	0 2 3 4 5
	2. Neem jy gewoonlik deel aan kerklike jeugverenigings?	1. Ja 2. Nee of nie van toepassing op my nie	2 0
2. Godsdiens-tige aktivi-teite in ge-sinsverband	1. Hou julle as gesin huisgodsdienst?	1. Ja 2. Nee	4 0
	2. Luister julle na huisgodsdienstprogramme oor die radio?	1. Ja 2. Nee	2 0
	3. Bid julle gewoonlik met etes?	1. Ja 2. Nee	2 0
3. Persoonlike godsdienstige aktiwiteite	1. Het jy die afgelopen week een of meer keer gebid om hulp?	1. Ja 2. Nee	2 0
	2. Dui aan in watter mate jy Bybelverhale lees.	1. Lees dit baie 2. Lees dit af en toe 3. Lees dit nooit	4 1 0
	3. Dui aan in watter mate jy die Bybel lees	1. Lees dit baie 2. Lees dit af en toe 3. Lees dit nooit	4 2 0
	4. Luister julle na huisgodsdienstprogramme oor die radio?	1. Ja 2. Nee	2 1
	5. Dui aan hoe dikwels jy na godsdienstige programme soos eredienste en kerkdienste luister.	1. Luister baie 2. Luister af en toe 3. Luister nooit	2 1 0

Die statistiese model wat vir ontledingsdoeleindes gebruik is, is 'n meervariante analise van kovariansie waarvan die afhanklike veranderlikes en kovariante hieronder aangegee word. Voorsiening word in die model gemaak vir verskillende kyktydgroepe sowel as verskillende woonplekke. Die data is ontleed met behulp van meer-veranderlike regressie van die afhanklike veranderlikes ten opsigte van kovariante en skynveranderlikes. Die BMDP-6R-program is vir hierdie doel gebruik.

Ontledings is per geslag per taalgroep gedoen aangesien interaksies tussen geslag en taalgroep en die ander verklarende veranderlikes bestaan.

Die afhanklike veranderlikes is:

- T178: Tema 1 - Kerklike aktiwiteite (1978).
- T278: Tema 2 - Godsdienstige aktiwiteite in gesinsverband (1978).
- T378: Tema 3 - Persoonlike godsdienstige aktiwiteite (1978).
- T478: Tema 4 - Massamediagebruik (godsdienssake) (1978).

Die kovariante is:

- T174: Tema 1 - Kerklike aktiwiteite (1974).
- T274: Tema 2 - Godsdienstige aktiwiteite in gesinsverband (1974).
- T374: Tema 3 - Persoonlike godsdienstige aktiwiteite (1974).
- T474: Tema 4 - Massamediagebruik (godsdienssake) (1974).

Televisiekyktydgroepe is soos volg verdeel:

- Kategorie 1 : 0-20 uur. (Seuns: N = 54; Meisies: N = 90)
- Kategorie 2 : 20-40 uur. (Seuns: N = 106; Meisies: N = 147)
- Kategorie 3 : 40-60 uur. (Seuns: N = 169; Meisies: N = 170)
- Kategorie 4 : 60-80 uur. (Seuns: N = 145; Meisies: N = 156)
- Kategorie 5 : 80-120 uur. (Seuns: N = 77; Meisies: N = 58)

Woonplek is soos volg verdeel:

Kategorie 1 : op 'n plaas.

Kategorie 2 : op 'n plot naby 'n stad of dorp.

Kategorie 3 : in 'n dorp.

Kategorie 4 : in 'n stad of voorstad.

'n Analise van kovariansie is gebruik ten einde te kompenseer vir die verskille in leerlinge se tellings voor die instelling van televisie. Die model waarvolgens die verwagte waarde van die afhanklike veranderlike (tema-waarde in 1978) weergegee word, is:

$$E(\text{TEMA}) = \mu + b_1(T174) + b_2(T274) + b_3(T374) + b_4(T474) + \lambda_w + \lambda_t$$

waar λ_t die hoofeffek vir die betrokke televisiekyktydgroep is, λ_w die hoofeffek vir die betrokke woongebied is en b_1 , b_2 , b_3 en b_4 die onderskeie regressiekoëffisiënte vir die 1974-temawaardes is. (Die som van die hoofeffekte vir kyktydgroepe en die som van die hoofeffekte vir woonplekke is onderskeidelik nul.)

Daar is vir uitermatige afwykings (uitskieters) gekontroleer deur 'n waarneming te ignoreer indien een van die volgende geld:

/T178-T174/ > 5

/T278-T274/ > 6

/T378-T374/ > 8

Die resultate van die ondersoek word in hoofstuk drie weergegee.

HOOFSTUK 3

RESULTATE EN GEVOLGTREKKINGE

3.1 TENDENSSTUDIE

Die resultate ten opsigte van die leerlinge se deelname aan elf verskillende godsdiestige aktiwiteite word in tabel 3.1 weergegee. Hierbenewens word die gegewens ten opsigte van leerlinge wat baie aktief aan godsdiestige aktiwiteite deelneem in bylae B verstrek. Hierdie gegewens word ook ter wille van oorsigtelikheid in figure 3.1 tot 3.11 voorgestel en aan die einde van die tendensstudie weer-gegee. Die itemresponse van leerlinge ten opsigte van twee gods-dienstige aktiwiteite, naamlik luister na godsdiestige programme oor die radio en bywoning van kategeseklasse, word in bylae C verstrek.

3.1.1 Konstantheid in deelname aan godsdiestige aktiwiteite

Die volgende aktiwiteite van die leerlinge toon geen noemenswaar-dige verandering oor tyd nie: kerkbywoning (figuur 3.1), deelname aan kerklike jeugverenigings (figuur 3.2), die hou van huisgodsdien-s as gesin (figuur 3.4), bid met etes (figuur 3.5), persoonlike gebeds-lewe (figuur 3.7), die lees van Bybelverhale (figuur 3.8), die lees van die Bybel (figuur 3.9) en die kyk na godsdiestige programme op televisie (figuur 3.11). Die resultate van die ondersoek verskil met dié van Dickenson wat gevind het dat daar 'n verandering by se-kondêreskoolleerlinge in Noord-Texas oor tyd plaasgevind het wat kerkbywoning, bid met etes en die lees van die Bybel betref.

Wat die bywoning van kategeseklasse betref*, is daar by standerd ses-, sewe-, agt- en tien-leerlinge weinig verandering by seuns en meisies oor tyd merkbaar (figuur 3.3). Uit die itemresponse van die standerd nege-seuns en -meisies lyk dit asof daar 'n posi-tiewe verandering tussen 1974 en 1980 plaasgevind het in die per-sentasie leerlinge wat baie gereeld kategeseklasse bywoon (vergelyk bylae C2).

*Die lae bywoningsyfers wat by kategeseklasse in standerd tien voorkom, kan daaruit verklaar word dat 90,6 % van die seuns en 95,3 % van die meisies reeds kategese voltooi het (bylae C.2)

TABEL 3.1

GEMIDDELDE PERSENTASIE AFRIKAANSSPREKENDE RESPONDENTE AKTIEF BETROKKE BY GODSDIENSTIGE AKTIWITEITE VIR DIE JARE GESAMENTLIK BEREKEN

Godsdienstige aktiwiteite	St. 6			St. 7			St. 8			St. 9			St. 10			Gemid-delde persentasie van seuns	Gemid-delde persentasie van meisies	Gemid-delde persentasie seuns en meisies
	Seuns	Meis-sies	%	Seuns	Meis-sies	%												
Kerkbywoning	57,39	66,37	61,88	56,87	66,85	61,86	54,12	68,40	61,26	59,00	65,31	62,16	50,54	60,41	55,48	55,58	65,47	60,53
Kerklike jeugverenigings	53,96	61,45	57,71	55,13	65,19	60,16	56,20	68,07	62,14	58,27	70,48	64,38	55,08	70,52	62,80	55,73	67,14	61,44
Kategeseklasse	57,57	64,39	60,98	58,86	63,11	60,99	56,41	63,75	60,08	42,01	47,93	44,97	4,72	4,80	4,76	43,91	48,80	46,36
Huisgodsdienst	55,08	52,40	53,74	47,00	44,93	45,97	41,89	40,83	41,36	38,49	35,06	36,78	37,11	36,40	36,76	43,91	41,92	42,92
Bid aan tafel	88,49	89,41	88,95	89,18	90,08	89,63	87,49	89,64	88,57	87,69	87,84	87,77	88,64	90,64	89,64	88,30	89,52	88,91
Persoonlike gebed	86,98	90,17	88,58	87,47	91,68	89,58	86,37	92,14	89,26	87,52	93,86	90,69	89,77	95,08	92,43	87,62	92,59	90,11
Bybelverhale lees	38,69	47,87	43,28	26,04	35,16	30,60	19,19	29,11	24,15	13,18	21,64	17,41	11,47	20,54	16,01	21,71	30,86	26,29
Bybel	79,55	87,92	83,74	76,72	85,80	81,26	73,70	84,83	79,27	72,12	84,03	78,08	72,06	85,19	78,63	74,83	85,55	80,19
Huisgodsdienstprogramme oor radio	70,77	70,83	70,80	62,85	67,08	64,97	64,54	64,59	64,57	55,37	60,14	57,76	53,86	58,84	56,35	61,48	64,30	62,89
Godsdienstige programme oor radio (Kerkdienste, ens.)	43,09	48,30	45,70	32,42	40,27	36,35	30,41	36,34	33,38	22,71	29,10	25,91	19,33	28,18	23,76	29,59	36,44	33,02
Godsdienstige programme op televisie	48,03	50,20	49,12	38,74	44,48	41,61	27,37	31,88	29,63	23,44	30,83	27,14	17,85	28,71	23,28	31,09	37,22	34,16

Die persentasie leerlinge wat baie gereeld kategeseklasse vir 1974 en 1980 bygewoon het, is soos volg:

	1974	1980
Seuns	35,03 %	49,78 %
Meisies	38,81 %	56,69 %

Dit is moontlik dat hierdie positiewe verandering oor tyd toegeskryf kan word aan 'n groter bewustheid by die kerk van die belangrikheid van die finale kategeseklasse wat tot intensiever bearbeiding en beter onderrigmetodes geleei het.

Dit lyk asof daar 'n afname oor tyd by twee aktiwiteite, naamlik by die luister na godsdienstige programme soos, eredienste, en die luister na huisgodsdienstige programme oor die radio, by al die standerds plaasgevind het (figure 3.10 en 3.6). Uit die itemresponse in bylae C.1 (kerkdienste oor die radio) kan afgelei word dat die respons "luister baie" oor tyd afneem (soos weergegee in figuur 3.10), maar dat die respons "luister af en toe" by al die standerds oor tyd toeneem. Hoewel daar dus wat die groep as geheel betref 'n dalende neiging oor tyd bestaan, is die daling waarskynlik meer geleidelik as wat uit figuur 3.10 afgelei kan word. Wat die luister na huisgodsdienstige programme oor die radio betref, is daar slegs 'n "ja" of "nee" respons moontlik. Dus gee figuur 3.6 'n betroubare beeld van die afname wat oor tyd by die groep as geheel plaasgevind het.

Die oorsaak vir die afname in deelname aan hierdie twee aktiwiteite kan in 'n verskeidenheid moontlikhede gesoek word, soos 'n bedrywiger huiswerk- of sportprogram, 'n verandering in tyd en wyse van aanbieding van godsdienstige programme oor die radio, ens. Dit is egter baie waarskynlik dat die afname saamhang met die populariteit van televisie.

3.1.2 Mate waarin godsdiestige aktiwiteite beoefen word

Uit tabel 3.1 blyk dat sommige godsdiestige aktiwiteite nie gereeld deur sekondêreskoolleerlinge beoefen word nie. Slegs 26,3 % van die leerlinge lees gereeld Bybelverhale terwyl 'n derde gereeld na eredienste oor die radio luister en ewe veel na godsdiestige programme op televisie kyk. Du Preez (1980) het gevind dat slegs 17,5 % van die standerd agt-leerlinge in 1976 aangewys het dat hulle gereeld na godsdiestige programme op televisie kyk. Nagenoeg 43 % van die sekondêreskoolleerlinge hou gereeld huisgodsdienst.

Tabel 3.1 toon egter dat daar ander godsdiestige aktiwiteite is waaraan leerlinge meer gereeld deelneem: 46,4 % van die leerlinge woon "elke keer wat daar is" kategeseklasse by; 60,5 % woon een keer of meer per week kerk by (Coetzee, 1973, het gevind dat die syfer 48,7 % by volwassenes is); 61,4 % neem aan kerklike jeugverenigings deel (Coetzee vind dat 40,4 % van die volwassenes aan kerklike verenigings behoort); 62,9 % luister na huisgodsdienstprogramme oor die radio; 80,2 % lees gereeld Bybel (volgens Coetzee lees 44,1 % van die volwassenes daagliks Bybel); 88,9 % bid gewoonlik met etes; 90,1 % het die afgelope week een keer of meer gebid om hulp (Coetzee vind dat 70,0 % van die volwassenes daagliks bid).

3.1.3 Geslagsverskille in deelname aan godsdiestige aktiwiteite

In die navorsing van Gous (1966), Hurlock (1973), Rohrbaugh en Jessor (1975), Francis (1976), Wagner (1978) en Mark (1982) is aanduidings gevind dat meisies in hul puberteitsjare meer as seuns tot die godsdienst aangetrokke voel. Dit lyk asof die resultate van die huidige ondersoek ook in hierdie rigting dui.

Uit tabel 3.1 waar die gemiddelde deelname van seuns en meisies vir die onderskeie aktiwiteite weergegee word, blyk dat die meisies (met een uitsondering, naamlik by die hou van huisgodsdiens) deurgaans meer betrokke as die seuns by die aktiwiteite was. Enkele voorbeeld van die mate waarin seuns en meisies betrokke was, is die volgende:

	Seuns %	Meisies %
Kerkbywoning	55,58	65,47
Deelname aan kerklike jeugverenigings	55,73	67,14
Lees van Bybelverhale	21,71	30,86
Lees van Bybel	74,83	85,55

3.1.4 Die rol van ontwikkelingsfase in deelname aan godsdienstige aktiwiteite

Die persentasie leerlinge wat gereeld betrokke is, het wat die volgende aktiwiteite betref, tussen standerd ses en standerd tien afgeneem (tabel 3.1).

	Standerd 6 %	Standerd 10 %
Hou van huisgodsdiens	53,74	36,76
Lees van Bybelverhale	43,28	16,01
Huisgodsdiensprogramme oor radio	70,80	56,35
Eredienste oor radio	45,70	23,76
Godsdienstige programme op televisie	49,12	23,28
Bywoon van kategesklasse	60,98	4,76*

*Die afname in bywoning van kategesklasse in standerd 9 en 10 moet daaraan toegeskryf word dat belydenis van geloof reeds afgelê is.

